



Lêerno.: 18/2/R
Verwysing: 20231212-594

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0002/2024

Aan: Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van gewone openbare skole en vaardigheidskole met leerdervoerskema-roetes

Onderwerp: Assessering van gekose afgewentelde leerdervoerskema-roetes

1. Gedurende September 2023 het die Direktoraat: Interne Beheer van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) 'n assessering gedoen van geselekteerde leerdervoerskema-roetes (LVS-roetes) wat na skole afgewentel is.
2. **Bevindinge van die assessering van afgewentelde LVS-roetes deur die Direktoraat: Interne Beheer**

Tekortkominge is geïdentifiseer in die administrasie van afgewentelde LVS-roetes en die verskaffing van vervoerdienste. Hieronder volg 'n samevatting van die bevindinge wat op die gekose roetes geïdentifiseer is:

- Skole hou nie volledige rekords by van dokumente wat verband hou met leerdervoerskema-roetes nie.
- Die WKOD 061-vorms wat deel is van die skool se rekords, is onvolledig en stem nie ooreen met die getal leerders wat van die diens gebruik maak nie.
- Die leerders wat op die databasis vir leerdervoer op SOBIS gelys word, stem nie ooreen met die leerders wat wel van die diens gebruik maak nie.
- Skole het nie formele ooreenkomste met diensverskaffers nie en daar is geen rekords van skriftelike kommunikasie nie.
- Diensverskaffers en bestuurders is nie in besit van 'n gedragskode en tydroosters nie.
- Skole doen nie gereeld inspeksies van die voertuie op die roetes nie.

- Sommige van die leerders is nie deur die WKOD se Hoofkantoor goedgekeur vir leerdervoer nie.
- Sommige van die bestuurders se bestuurslisensies en professionele bestuurspermitte het verval.
- Sommige van die voertuie se lisensies en padwaardigheidsertifikate het verval of hulle beskik nie oor bedryfslisensies nie.

3. **Vereistes vir die bestuur van LVS soos uiteengesit in die standaardbedryfsprosedure (SBP)**

- 3.1 Die SBP vir die bestuur van LVS, waarin die rol en verantwoordelikhede van die onderskeie belanghebbers in die verskaffing van LVS-dienste geïdentifiseer word, is aangeheg.
- 3.2 Daar word van prinsipale en hul afgevaardigde amptenare by skole met afgewentelde LVS-roetes verwag om hulle te vergewis van paragraaf 7 en 11 van die SBP. Deur aan die vereistes van die SBP te voldoen, sal prinsipale die tekortkominge in die administrasie en verskaffing van LVS-dienste wat tydens die assessering van die afgewentelde roetes geïdentifiseer is, aanspreek.
- 3.3 Opvolg-assesserings sal deur die leerdervoeroramptenare in die betrokke distrikte gedoen word om te bepaal of skole die tekortkominge wat geïdentifiseer is, aangespreek het.
- 3.4 'n Pro forma-gedragkode vir bestuurders en volwasse toesighouers word vir skole aangeheg om die bevinding oor 'n gedragkode vir bestuurders en diensverskaffers aan te spreek. Die pro forma-gedragkode kan gewysig word om voorsiening te maak vir die spesifieke vereistes van elke skool. Die gedragkode moet aan diensverskaffers uitgereik word, wat dit op hul beurt aan hul bestuurders moet uitreik.
- 3.5 Prinsipale word ook herinner aan die inhoud van Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut 0001/2024, wat die proses verduidelik vir die vervanging van gemagtigde voertuie op leerdervoerroetes.

4. **Versoek vir voorlegging van kontrakdokumente en bevestiging van besonderhede van voertuie wat deur skole gebruik word om leerders te vervoer**

- 4.1 Een van die ernstiger bekommernisse wat uit die assesseringsverslag blyk, is dat skole wat van 'n diensverskaffer gebruik maak om leerders te vervoer, nie oor geldige kontrakte met diensverskaffers beskik nie.
- 4.2 Daar word versoek dat prinsipale die aangehegte vorm invul wat aandui of die skool hul eie voertuie gebruik om dienste op die afgewentelde LVS-roetes te lewer en of 'n diensverskaffer aangestel is om die vervoerdiens te lewer.

- 4.3 Skole wat hul eie voertuie op afgewentelde LVS-roetes gebruik, moet die besonderhede van die voertuie wat op die roete gebruik word aandui, en afskrifte indien van geldige lisensiedokumente en padwaardigheidsertifikate vir die voertuie wat gelys word.
- 4.4 Skole wat van 'n diensverskaffer gebruik maak om leerders te vervoer, moet 'n afskrif van 'n geldige kontrak tussen die skool en die diensverskaffer indien. Die behoorlik ondertekende kontrak moet aandui watter voertuie op die roete gebruik word en afskrifte van geldige lisensies en padwaardigheidsertifikate vir die voertuie wat gelys word, moet ingedien word. 'n Aanstellingsbrief sal nie as 'n geldige kontrak beskou word nie.
- 4.5 Skole moet die bogenoemde dokumente teen 31 Maart 2024 per e-pos by wcedlts@westerncape.gov.za indien. Die voorlegging van geldige kontrakdokumente sal 'n voorvereiste wees wanneer eise vanaf 01 Julie 2024 ingedien word.
5. **Toekomstige ontwikkelings vir afgewentelde LVS-roetes**
- 5.1 Die SBP vir LVS word hersien met die doel om aan skole wat afgewentelde LVS-roetes administreer, meer gedetailleerde riglyne te gee oor die lewering van 'n doeltreffende vervoerdiens op LVS-roetes. Die riglyne sal die verantwoordelikhede van die skool insluit in die lewering van dienste vir afgewentelde roetes, asook die proses wat gevolg moet vir die administrasie van afgewentelde roetes. Die voorgeskrewe vorms wat vir hierdie prosesse gebruik moet word, sal ook verskaf word.
- 5.2 Die WKOD oorweeg ook die gebruik van 'n gestandaardiseerde bod- en kontrakdokument vir skole met afgewentelde roetes wat hul eie vervoerdiens verkry.
6. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: MS ABRAHAMS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING

DATUM: 2024-01-24